NOTULE
ALGEMENE JAARVERGADERING
30 SEPTEMBER 2009
Porterville Skougronde
Porterville

1. Opening en verwelkoming

Die voorsitter heet almal welkom en spesiale verwelkoming aan van die gaste wat die tweede deel van die vergadering gaan bywoon. Sien teenwoordigheidslys onder die dokument.

2. Verskonings

Gerber Frank; du Plessis Rika; Nieuwoudt Pip; Smit Cobus; Reinecke Robbie; Everett John; Marais Buks; Duncean Rob; Matzener Margaret; Slabber Martli; Smit Coert; Duminy Willie; Goldrey Simon; Van Wyk Ken; Grobler Pierre; Vorster Pieter; Simpson Philip; Olivier Andries; Smit Nico; Hartwig Ernst; Hanekom Louis; Smit Gawie; Gribb George, Aderstein, Hjallie.

3. Goedkeuring van vorige notule

Notule van Jaarvergadering wat plaasgevind het op 18 September 2008 te Eendekuil word aan vergadering voorgehou. Rudolf Andrag stel voor dat notule aanvaar word en word gesekondeer deur Danie Smit.

4. Finansiële verslag

'n Ongeouditeerde finansiële verslag word deur Rudolf Andrag voorgelê. Die vergadering besluit dat die verslag aan lede versprei sal word, vir kommentaar en dat dit dan deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur sal word. Die verslag sal volgende jaar betyds beskikbaar gestel moet word en moet ook deur Roelof Oosthuizen Ingelyf aan vergadering voorgelê word vir goedkeuring.

5. Verkiesing van Bestuur

5.1 Voorsitter Vergadering herverkies die huidige voorsitter, Peter Dorrington as voorsitter vir 2009/2010.

5.2 Onder voorsitter Vergadering herverkies die huidige onder-voorsitter, Rudolf Andrag as onder-voorsitter vir 2009/2010.

5.3 Uitvoerende Komiteelede Sal deur onderskeie eenhede aangewys word

6. Wysiging aan grondwet

Geen

7. Algemeen

7.1 **Bestuursplanne** – is deel van die proses om vrystelling te kry oor die maak van bane op plaasgrense. Bestuursplanne moet egter deur die lede aanvaar en geïmplementeer word wanneer dit beskikbaar raak vir die onderskeie eenhede. Daar sal ook nie net ‘n vrystelling gegee word nie indien daar nie kan bewys word dat die risiko’s gaan verminder.

7.2 Padreserwes - Die huidige toestand van die padreserwes is kommerwekkend en skep ‘n groot risiko vir lede. Verskeie aksies is geloots om die Departement te betrek by beplanning en bestuur. Besluit is dat ‘n skrywe oor die probleem na die Hoof van die Departement gestuur word ten einde die probleem aan te spreek.

8. Afsluiting

Die voorsitter bedank almal teenwoordig tydens die vergadering en spreek sy dank uit oor die groot opkoms.